

# Universiteit Stellenbosch

## Prosedure rakende die lidmaatskapveranderinge

*In die geval waar daar enige inkonsekwentheid tussen hierdie vertaalde weergawe en die oorspronklike teks is, sal die oorspronklike teks die geldende weergawe wees. Die Engelse weergawe is die oorspronklike weergawe, hierdie weergawe is 'n vertaling.*

### 1. Inleiding

Hierdie dokument sit die proses wat vir lidmaatskapveranderinge van die Konvokasie gevolg moet word uiteen.

### 2. Lidadresverandering

- 2.1. 'n Lid moet die Registrateur van enige adresverandering<sup>1</sup> in kennis stel deur 'n mededeling aan [konvokasie@sun.ac.za](mailto:konvokasie@sun.ac.za) te stuur.
- 2.2. Adresveranderingsmededeling moet die volle naam, van en identiteitsnommer van die lid insluit, tesame met die besonderhede van die adresveranderinge.

### 3. Bedanking van Lid

- 3.1. 'n Lid van die Konvokasie mag skriftelik bedank by die Registrateur<sup>2</sup> deur 'n mededeling aan [konvokasie@sun.ac.za](mailto:konvokasie@sun.ac.za) te stuur.
- 3.2. Bedankingsmededeling moet die volle naam, van en identiteitsnommer van die lid insluit.
- 3.3. Die Registrateur moet ontvangs van die bedanking erken en die lidmaatskap sal eindig op die datum van ontvangs van die e-pos.
- 3.4. Sodra die Registrateur die bedanking bevestig, sal die lid van die Konvokasie-ledelys verwyder word deur die Registrateur of sy/haar afgevaardigde.

### 4. Hertoelating van Lid

- 4.1. 'n Lid wat uit die Konvokasie bedank het, mag aansoek doen om weer as 'n lid<sup>3</sup> toegelaat te word deur 'n kort motivering aan die Registrateur te stuur aan [konvokasie@sun.ac.za](mailto:konvokasie@sun.ac.za). Binne tien dae van ontvangs van die aansoek, sal die Registrateur die aansoek vir die Konvokasie se Uitvoerende Komitee vir oorweging aanstuur.
- 4.2. Die Konvokasie se Uitvoerende Komitee het tien werksdae vanaf ontvangs van die aansoek om die aansoek te oorweeg en skriftelik op die aansoek te reageer.

<sup>1</sup> Statuut van die Universiteit Stellenbosch Hoofstuk 4 Artikel 47(2)

<sup>2</sup> Statuut van die Universiteit Stellenbosch Hoofstuk 4 Artikel 47(4)

<sup>3</sup> Statuut van de Universiteit Stellenbosch Hoofstuk 4 Artikel 47(5)